

**Dinsdag 18 Julie**

**Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-23**

**Fokusgedeelte: Kolossense 1:21-23a**

**God het ons uit genade deur die offer van Jesus Christus met Homself versoen**

Voordat hulle tot geloof gekom het, was die Kolossense nie net, figuurlik gesproke, ver van God af nie, maar ook vyandiggesind teenoor Hom. Dit het, volgens vers 21, uit hulle sondige lewenswyse geblyk, 'n lewenswyse wat teruggevoer kan word na die verdorwe natuur van die mens (Rom. 8:7). Ons bely immers dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat (HK vr 5) en kan verwag dat dit in talle vyandige daade tot uitdrukking sal kom (Ef. 2:3).

Deur sy groot genade het God nie die Kolossense, soos wat 'n mens sou verwag, vir hulle sonde gestraf nie, maar het Hy sy eniggebore Seun gegee om in hulle plek te sterf en hulle so met Homself te versoen. Die verhouding wat met die sondeval versteur is, is herstel sodat daar weer vrede tussen God en almal wat aan Hom behoort, ook die Kolossense, kon wees. Vers 22 maak dit duidelik dat die Kolossense deur die offer van Jesus Christus heilig, smetteloos en onberispelik voor God kon staan.

Wat 'n wonderlike, troosvolle versekering vir die mens wat van nature geneig is om God en sy naaste te haat! Al het jy ver van God af gelewe en al was jy vyandiggesind teenoor Hom, God het jou uit genade deur die offer van Jesus Christus met Homself versoen. Jy is heilig, met ander woorde, skoon gewas van jou sonde deur die bloed van Jesus Christus en afgesonder om in toewyding aan God te lewe. Jy is smetteloos of blaamloos en jy is onberispelik.

Kan God enigiets vir jou sê wat mooier is: heilig, smetteloos, onberispelik! En jy ontvang dit deur die geloof wat 'n geskenk van die Heilige Gees is!

*Sing: Skrifberyming 5-4:1*

*Ds. CJH Breed (Casper) (emeritus)*